# Taffienuus Mei 2023

**Beste Tafelberg- Fotografieklub-lede**

Dit is reeds die einde van Mei maand en die winter is in die Kaap! Dis nou amptelike sop en bredie weer. Tussen Mei en Augustus is die tyd dat sommige mense oorsee gaan en ander mense weer ons warm dele van die land besoek – ek wil glo dat hulle dit ook doen om foto's te gaan neem. Die res van ons bly by die huis voor die kaggel en redigeer ou foto's!!! Die winter het weer ander unieke geleenthede om foto's te neem. Dit is in hierdie tyd wat die see onrustig is en dan goeie foto-geleenthede bied. Al is dit koud- het die winter 'n besonderse bekoring-geniet dit!

## 1. Die baie interessante onderwerp van beoordeling van foto's.

**Fotografie** bly 'n plesier en beoordeling en stergradering is bedoel om jou eie groei te fasiliteer.

Die verskil in gebruik van fotokompetisies en die deel daarvan kan so uiteengesit word:

- Foto vir Sosiale Media gaan oor "sharing"
- Foto op Klub-vlak gaan oor "learning"
- Foto op Salon-vlak gaan oor " Competition"
- Foto op Honneursvlak gaan oor " Examination"

**Klub fotobeoordeling** se primêre doel is om te leer. Daarom word daar tyd spandeer dat die beoordelaar goeie kommentaar op elke foto kan lewer. Dit is ook waardevol om na die kommentaar op al die foto's te luister sodat jy daaruit kan leer.

In beoordeling van foto's is dit belangrik om te weet dat dit altyd subjektief is. Elke fotograaf en 'n beoordelaar het 'n ander bril waarna hulle na foto's kyk.
Vir elke kategorie is daar 'n ooreengekome praktiese riglyne- Dit word normaalweg wêreldwyd so aanvaar. Maar binne hierdie riglyne is daar natuurlik verskillende variante en persoonlike voorkeur. Kom ek noem 'n voorbeeld. In wildfotografie word mense aangemoedig om aksie foto's in te skryf. Tog is daar beoordelaars wat hou van 'n goeie diere-portretfoto (sonder aksie) – solank dit net 'n storie vertel. Daar is mense wat voëls afneem wat nie hou van sittende voëls nie – daar is netsoveel wat weer waardering het vir 'n goeie foto waar die voël sit. Persoonlik voorkeur gaan altyd daar wees. Dit is goed om op PSSA se webtuiste die breë vereistes van 'n foto te lees en te sorg dat jou

foto daaraan voldoen. Soms dan hoor jy goeie kritiek – dan kry jy kans om die foto te verbeter voordat jy dit by 'n salon inskryf. Die basiese uitgangspunt vir klubfotografie is om meer te leer. Dit is ook hier dat jy jou passie met ander mense te deel en te leer. Meeste mense sluit aan by 'n fotografie klub om te groei in hulle fotografie en om hulle passie met ander te deel.

**Kompetisie by salonne**: Salonne is PSSA is landswye kompetisies waar jy met ander fotograwe kompeteer om jou foto- standaard te lig. Omdat beoordeling baie subjektief is, is daar 3 beoordelaars wat na jou foto kyk. Foto's word gemiddeld so 10 sekondes beskou en dan word 'n punt gegee. Beoordelaars moet dus 'n geoefende oog hê om vinnig jou foto te beoordeel. Elkeen van die 3 beoordelaars gee 'n punt uit 15 en dan word dit bymekaar getel. Die boonste 20-25% foto's word gewoonlik aanvaar en die res nie. Die boonste 2-3% van die foto's kry meriete toekennings en die 2 beste presterende foto's ontvang medaljes. Dit is dus 'n goeie prestasie indien jou foto aanvaar word. Dit wys dat jou foto van hoë standaard is in vergelyking met foto's reg deur die land. Elke persoon moet dus oefen dat jy salonaanvaardings kry. Omdat daar 'n koste van R8 of R12 per foto inskrywingsgeld is, is dit 'n goeie manier van fondsinsameling van 'n klub deur 'n salon aan te bied.
Dit kan gebeur dat jy 'n baie goeie foto ingeskryf het, maar die ander wat ook ingeskryf is, is net beter. So indien jou foto nie aanvaar word nie – beteken dit nie noodwendig dat jy swak foto het nie. Daarom moet jy dit by verskeie salonne inskryf. Indien jy egter by baie salonne 'n foto ingeskryf het en sien dat die foto nooit 'n goeie punt ontvang nie, is dit beter om maar nuwe foto's in te skryf. Die beste wat ons vir mekaar kan doen -is om foto's in te skryf. Hoe meer jy oefen hoe beter word jou foto's!

## Fotografie beoordelaars fokus normaalweg op die volgende:

- Kyk na die boodskap /storie wat die fotograaf wil oordra. Spreek dit jou aan. Vertel dit vir jou 'n storie.
- Larry White het gesê" Photography is all about light, composition and emotion"
- Tegniese aspekte: Goeie foto gee aandag aan die: Beligting, skerpheid, kleur en balans.
- Goeie komposisie
- Kyk na dinge soos "noise" en "spots"
  Jou doel is om die boodskap van die foto so oor te dra dat dit blywend sal wees vir die wat daarna kyk.

Verder mag 'n foto net beoordeel word wat die beoordelaar sien. Nie wat hy /sy dink dit is of kan wees nie. Daarom is die oorweging dat in salonne waar dit oor kompetisie gaan – die beoordelaar nie die naam/titel van die foto met sy beoordeling moet sien nie. Die foto self moet die boodskap oordra. Die titel moet dit nie doen nie.

Maar onthou dat beoordeling altyd subjektief is – Beoordelaars word egter geleer om tog so objektief as menslik moontlik na foto's te kyk

## Kyk gerus op ons webtuiste https://www.tafklub.co.za/kompetisie-reels/ – Hoe werk die puntetelling uit 15


Die glyskaal waarop die stergradering gedoen word help ook dat fotograwe kan sien dat mense wat hoër stergradering het se foto-standaard hoër moet wees om punte te kry. Byvoorbeeld: Indien 'n 1

ster 'n 9 vir 'n foto kry is dit 'n goue toekenning (3 punte). Indien 'n Meester-Brons 'n 9 vir 'n foto kry is dit geen punte.

## 2. Wen-foto's van Mei 2023



**Harvesting: Juliane van Dyk**
**Makro kategoriewenner , Maandwenner**



**Kniphofia Rooperi pistils: Dixon Norval**
**Naaswenner Makro kategorie**



**Palestrina shacks: Theo Potgieter**
**Wenner Ope Kategorie**



**Train to nowhere: Theo Potgieter**
**Naaswenner Ope Kategorie**



**Waiting for a bee: Kathy Smith**
**Junior Wenner**

**Baie geluk aan ons wenners en ander goeie foto's.** 32 Foto's het welverdiende goud en meriete toekennings ontvang. Daar was die maand 58 inskrywings. Hendrik Louw van Pretoria en kenner van makrofotografie was hierdie maand ons beoordelaar.

Ek moedig lede aan om hulle foto's in te skryf – Dis al hoe jy groei as iemand jou foto evalueer en jy heeltyd probeer beter doen.

## 3. Klub prestasie:

- **Uitslae van Internasionale Salonne:**
  Ons het die volgende **Internasionale salon** uitslae ontvang:

  *** PARS, 2023~INTERNATIONAL PHOTO AWARD**
  Quintus Heine – 2 aanvaardings

  *** 6th PHILHARMONIA 2023~INTERNATIONAL EXHIBITION OF PHOTOGRAPHY**
  Quintus Heine – 2 aanvaardings
  Karen van Zyl – 2 aanvaardings

- **Ons het die volgende uitslae van die Nasionale Salonne van PSSA gedurende Mei ontvang**

| **Salonaanvaardings gedurende Mei 2023** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **5th HCPS National PDI Salon** | | **6th Paarl Salon** | |
| Neels Beyers | | 3 | | 4 |
| Philip de lange | | 2 | | |
| Christo Giliomee | 1 meriete plus | 9 | 1 brons medalje en 1 meriete plus | 1 |
| Quintus Heine | | 3 | | 2 |
| Dixon Norval | 1 meriete plus | 2 | | 9 |
| Theo Potgieter | 2 meriete plus | 4 | | 3 |
| Juliana van Dyk | | | | 1 |
| Adriaan van Zyl | | 5 | | 4 |
| Karen van Zyl | | | | 5 |
| Mariana Visser | | 2 | 1 meriete plus | 4 |

- **Thomas Bothe**: Ontvang sy "Cetificate of Excellance" met meriete – vir sy paneel foto's

**Baie-baie geluk aan elkeen met hulle prestasie. Julle hou nie net Tafklub se naam hoog nie – maar elkeen reik na die sterre met hulle foto's !!!**

## 4. 2022 Honours Image Tydskrif.

Die klublede (wat ook lid van PSSA is) het die klubtydskrif "Honours Image 2022 " ontvang. Daar is nog lede wie se tydskrifte by my is. Sommige lede se tydskrif is self aan hulle gestuur. Ek sal vir die persone wie tydskrifte by my is 'n Whatsapp stuur. Ek sal dit saamneem na ons volgende vaardigheid aand Dinsdag 13 Junie.

## 5. Die jaarlikse PSSA interklub kompetisie

Elke jaar het die PSSA sy landswye interklub kompetisie. Ons klub skryf jaarliks daarvoor in. Dit is nou weer sulke tyd en ek moet foto's van die klub inskryf voor 30 Junie. Dit kan egter net foto's wees wat by die klub in die huidige Impala jaar ingeskryf was. So ek gaan die 15 beste Junior en die 15 beste Senior – foto's van die

jaar inskryf. (daar kan ongelukkig nie meer as 3 foto's van 'n fotograaf ingeskryf word nie. Kom ons hou duim vas dat ons klub hier goed gaan presteer.

## 6. Junie se Byeenkomste

- Die volgende vaardigheidsaand is **Dinsdag 13 Junie** Die onderwerp is Human Portraits. Die spreker sal met whatsapp aangekondig word sodra bevestig is.
- Die fotografie uitstappie is **10 Junie na Kalkbaai hawe.** Laat weet vir Juliane as jy wil saamgaan op klub se whatsapp groep
- Die Junie klubkompetisie is **27 Junie** en die sluitingsdatum is **21 Junie. Die beoordelaar is Kim Stevens**

## 7. Interessante artikels oor Human Portraits:

Hier is 'n paar interessante skakels waarna jy kan kyk:

- Portrait Photography - 16 Top Tips To Create Great Portraits https://www.pixpa.com/blog/master-portrait-photography
- 8 Essential Portrait Photography Techniques and Tips https://www.masterclass.com/articles/essential-portrait-photography-techniques-and-tips

## 8. PSSA Kongres

Die PSSA se kongres is 17-21 September by die ATKV oor in die Drakensberge.(Drakensville). Kyk gerus op die webtuiste wie die sprekers is: https://pssa.co.za/pssa-congress-2023/

## 9. Ons klub se foto uitstalling by Glen Carlou kunsgallery.

**Tussen 9 Julie tot 3 September word ons klub se foto's by Glen Carlou wynplaas se kunsgalery uitgestal. " Glen Carlou Vineyards, Simondium Road, Klapmuts, Western Cape."**

**Dit is 'n baie bekende kunsgalery. Hulle is ook bekend vir die hoë gehalte uitstallings.**
Julle sal onthou dat almal foto's vir die uitstalling kon inskryf. Glen Carlou se kunsgalery het toe slegs 20 van ons foto's uitgesoek wat hulle gaan uitstal tydens die genoemde datums. Hulle ken die mark en het foto's daarvolgens gekies.
'n Komitee bestaande uit Karen van Zyl, Juliane van Dyk en Mariana Visser reël die uitstalling van ons kant af. Hulle sal eersdaags vir jou persoonlik laat weet dat jou foto gekies is en inligting van jou kry. Hulle gaan die foto's eenvormig druk en monteer. Hulle sal jou ook laat weet wat die koste is wat jy daarvoor moet betaal. Ons foto's kan te koop aangebied word. Jy mag nie jou foto verwyder voor die uitstalling nie klaar is nie.
Hierdie is 'n eerste uitstalling van ons foto's by die kunsgalery. Kom ons hou duim vas en ondersteun die geleentheid! Ons sal jou op hoogte hou!!

## Ten slotte:

*Onthou: Neem baie foto's !! As jy nie foto's neem nie – kan jy nie groei in jou fotografie nie!*

**Vriendelik Groete**

**Quintus**